Myburgh, J. TRANSITIONS NA DIE SMITHSONIAN IN DIE VSA, in Beeld, Johannesburg, September

Die Johannesburgse kunstenaar Paul Emmanuel se uitstallingprojek *Transitions* is volgende jaar in die Smithsonian-instituut se nasionale museum vir Afrika-kuns in Washington te sien. Dié deurbraak vir Emmanuel en sy agent, Les Cohn, is gemaak na maande se onderhandelings met die invloedryke instelling in die VSA. *Transitions* is einde verlede jaar in die Apartheidmuseum in Johannesburg vertoon en vroee vanjaar tydens die Nasionale Kunstefees in Grahamstad. *Transitions* is 'n uitstalling-en-rolprent-projek waarin Emmanuel fokus op die skuiwende identiteit van wit mans. Die werk op uitstalling in Washington sluit in die kortprent *3SAI: A Rite of Passage* en vyf tekeninge.

Benewens die eer om werk in die Smithsonian te vertoon, beskou Emmanuel en Cohn die geleentheid ook as nog 'n skakel in die projekketting.

"Dit is vir ons belangrik om dié werk ook buite Suid-Afrika te wys," sé Cohn, 'n kunskonsultant en direkteur van Artsource, "en die oogmerk is om Emmanuel internasionaal te vestig as 'n gerekende kunstenaar."

Die kurator van die museum, Dr. Christine Mullen Kreamer, het van Emmanuel se werk te hore gekom in 'n artikel in 'n kunstydskrif pas nadat hy die Sasol Wax kunskompetisie in 2002 gewen het. Die *Transitions* -uitstalling in die Smithsonian begin op 1 Mei 2010 en duur vyf maande.

Die kortprent *3SAI: A Rite of Passage* is ook ingesluit in die program van die Antimatter-rolprentfees wat in Oktober in Victoria, Kanada, begin.

Voordat die *Transitions* -uitstalling na die VSA vertrek, is dit van 23 Februarie tot 30 Maart in die Spier-galery in die Wes-Kaap te sien.